UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/21)
12 November 2021

"If you cannot do great things, do small things in a great way" – Napoleon Hill

2021 Nawel Seisoenale Oorsig (Portia Magwaza)

Die Nawel lemoensektor het 'n rekord uitvoervolume beleef - op 27,2 miljoen kartonne en net meer as 2018 (26,7 m). Dit was net 3% meer as die skatting van Maart 2021, so wel gedaan aan die Nawel fokusgroep. Senwes bly die grootste streek met 7,6 m kartonne – 8% oor skatting. Wes-Kaap is tweede grootste met 7,2 m kartonne - 5% meer as skatting; terwyl Sondagsriviervallei op 6 m 3% onder die skatting was. Patensie was 17% meer as die skatting (2,6 m vs 3 m), terwyl Nelspruit 7% onder die skatting was (1,1 m vs 1 m).



Nawels het gepiek by groottes 72, 88 en 64. Die 2021-seisoen het hoë volumes gehad, maar die vruggrootte was kleiner. Die piek weke vir verpakking was van week 22 tot week 25, teen 'n paktempo van 2 miljoen kartonne per week. Die verpakkingspatroon was soortgelyk aan die vorige jaar.





Wat markverspreiding betref, is die afname in Europese volumes (van 36% in 2020 tot 30% in 2021) deur die Midde-Ooste opgeneem (21% tot 27%). Suidoos-Asië het hul aandeel van 12% tot 16% verhoog, terwyl Noord-Amerika (14% vs 13%) en VK (7% vs 6%) marginaal verander het. Rusland het van 6% tot 4% gedaal. Verspreiding na ander streke het nie wesenlik van 2020 verskil nie – Asië 3% en Afrika en Eilande 1%.

Die afname in die EU-volumes was as gevolg van die talmende Egiptiese vrugte in die mark en streng fitosanitêre regulasies. Laer Russiese invoere is ook toegeskryf aan beperkte hoeveelhede van groter vrugte.

"REMINDERS" - Belangrike datums:

16 & 17 Nov @ 9h00: Globale Sitrus Kongres. 18 Nov @9h00: DALRRD Jaarlikse Sitrus Koördineringsvergadering. 26 Nov: Spesiale markregistrasies sluit.

COVID 19-inentings

Toegedien in laaste 24 uur = 136 550; totaal toegedien = 23 684 440; Individueel ingeënt = 15 818 324 (= 39.75% van volwasse bevolking). Bron: https://sacoronavirus.co.za/latest-vaccine-statistics/

Gepak en Verskeep

* Gebruik 'n kombinasie van PPECB- en Agrihub - data om rekening te hou met die verskepingstyd.

Einde van Week 44 Miljoen 15kg Kartonne	**Gepak**	**Gepak**	**Gepak**	**Verskeep**	**Verskeep**	**Aanvanklike Skatting**	**Nuutste Voorspelling**	**Finaal Gepak**
BRON: PPECB/AGRIHUB	**2019**	**2020**	**2021**	**2020**	**2021**	**2021**	**2021**	**2020**
Pomelo's (17kg)			15.5 m		15.2 m			
Pomelo's	16.8 m	15.5 m	17.5 m	15.2 m	17.2 m	18.0 m	17.6 m	15.5 m
Sagte Sitrus	18.2 m	23.6 m	30.9 m	23.6 m	29.4 m	30.5 m	30.8 m	23.6 m
Suurlemoene	22.1m	28.4 m	31.0 m	27.1 m	29.6 m	30.2 m	30.9 m	29.6 m
Nawels	24.3 m	26.0 m	27.2 m	25.2 m	27.2 m*	26.3 m	27.2 m	26.2 m
Valencias	46.8 m	53.1 m	54.9 m	53.1 m	54.9m*	58.0 m	55.1 m	55.1 m
Totaal	128.2m	146.6m	161.5m	144.2m	158.3m*	163.0 m	161.6 m	150 m